GAUTENG DEPARTEMENT OF EDUCATION

# SPORT BELEID

## LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

# INHOUDSOPGAWE:


1 Atletiek

2 Gholf

3 Hokkie

4 Krieket

5 Landloop

6 Netbal

7 Rugby

8 Skaak

9 Swem

10 Tennis

# ATLETIEK BELEID:

1. DOELSTELLINGS VAN ATLETIEK:

* Om interaksie tussen onderwysers en leerders buite die klaskamer te hê.
* Om 'n gebalanseerde leefstyl uit te leef.
* Talente te ontwikkel.
* Spier-, balans-, soepelheid te ontwikkel om sodoende te presteer in 'n item.
* Interaksie tussen maats op 'n gestruktureerde basis buite die klaskamer.
* Aanleer van stiptelikheid en deursettingsvermoë.

2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

- Geen atleet sal in 'n volgende span opgeneem word as hy/sy nie sy/haar item suksesvol voltooi/afgehanel het nie. Net suksesvolle deelname kan vir die atleet 'n plek in die volgende byeenkoms besorg. GEEN afrigter het die mag om enigiemand 'n plek in die span te belowe - maak nie saak wat die omstandighede is nie. Alle plekke in 'n span word uitsluitlik gekry as 'n atleet se naam in verslagboek aangeteken is. Geen uitsondering sal gedoen word nie.
- Indien 'n atleet vanaf 'n ander skool sou inkom, sal daardie betrokke ouderdomsgroep die kans gegun word om mee te ding in daardie item om sodoende die beste atleet/atlete te identifiseer.

3. EREKODE OUERS / AFRIGTERS EN SPELERS:

4. OUDERDOMME:

- Atlete vanaf 0/7 tot 0/9 mag slegs aan die volgende baanitems deelneem (60m, 80m).
- Atlete vanaf 0/10 tot 0/13 maag aan alle baanitems en velditems deelneem slegs in hul ouderdomsgroepe.

5. AFRIGTERS:

- Die skool maak gebruik van buite-afrigters wat vergoed word deur die skool. Die personeel het wel dienstye by die atletiek oefening elke middag.
- Afrigters sal stiptelik by hul afrigtingspunte rapporteer en self vooraf met atlete reël om die apparaat uit te pak en terug te besorg. Apparaat moet alreeds om 14:00 op die veld beskikbaar wees.
- **ATLETIEKORGANISEERDER:** Mnr Stiaan van der Hyde
- **SPANBESTUURDERS:**

- Junior: GR 1-3 Mev. Anita Jonck
- Senior: Gr. 4 Mev. Jireh Barnard
- Gr. 5 Mev. Marlize Cronje
- Gr. 6 Mev. Monique Venter
- Gr. 7 Mev. Amanda Roods

6. OEFENINGE EN BYEENKOMSTE:

- Interhuisbyeenkoms word reeds in die einde van die jaar gehou om atlete vir die volgende seisoen te identifiseer.
- Vanaf Januarie gee ons atlete geleentheid om hulself te bewys vir die interlaerspan, deur aan vriendskaplike byeenkomste deel te neem.
- Oefentye word aan die begin van die seisoen deur Atletiekorganiseerder deurgegee.
- Indien 'n atleet nie 'n oefening kan bywoon nie moet hy/sy vroegtydig by die afrigter en Atletiekorganiseerder verskoning maak. As die leerder meer as 5 oefensessies mis sonder 'n geldige verskoning, sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die Interlaerspan nie.
- Indien 'n atleet, sonder verskoning, nie opdaag vir 'n byeenkoms nie, sal so 'n atleet uit die span gelaat word vir die res van die seisoen.

6.1 BYEENKOMSTE:

- Indien die tyd dit toelaat, poog ons om een byeenkom weg te hê en minstens een tuis aan te bied.
- By huissport, sal net die atlete wat ingekom het by uitdunne, deelneem (baanitems). Tydens die velditems kan enige atleet deelneem en atlete word dan volgens plekke in die span opgeneem. Geen junior atletiek (bv. spiesgooi) sal plaasvind nie.

6.2 PLIGSTATE:

- Word per byeenkoms aangepas.
- Alle byeenkomste wat tuis aangebied word, sal alle personeel betrokke wees.
- Weg - byeenkomste, Cluster, Greater Lesedi, D7-roteerstelsel sal gebruik word sodat almal min of meer dieselfde aantal dienste doen. Indien Laer Volkskool 'n Cluster/Greater Lesedi aanbied, sal alle personeel ook betrokke wees.

7. SPORTDRAG:

Atlete kan op die dag van byeenkoms met hul Volkie-Vrydagdrag skooltoe kom , maar neem deel in skool-atletiekdrag. Die "ski-pants" moet asb. Groen wees, en direk na deelname word die Volkiebroek weer bo-oor aangetrek.

8. KOMMUNIKASIE MET OUERS:

9. VERVOER VAN LEERDERS:

10. MEDIESE ASPEKTE:

11. OUER NAVRAE:

12. HANTERING VAN BORGE:

13. BEKRONINGSKRITERIA VIR ATLETIEK:

- **Sertifikaat:** **Deelname**
  Leerders wat aan 50 % van die jaar se vriendskaplike byeenkomste deelgeneem het.
- **Balkie**: Heidelberg span
- **Prestasie:** D7 span
- **Erekleure:** Gauteng span opgeneem m.a.w. deelname aan die S.A 's.
- **Erepenning:** 'n Medalje by die S.A 's (podium plek)
- **Beste Seuns/Dogter: Baan-, Veldatleet**:
  Die atleet wat die verste vorder in sy spesifieke item sal die toekening ontvang , maar indien daar meer as een leerder is sal die wenner van die toekenning bepaal word deur hul totale ASA punte vanaf D7 tot en met S.A Kampioenskappe.
- **Jnr en Snr Victor en Victrix Lodorum:**
  Word aan die einde van die seisoen aangekondig en hulle ontvang elkeen 'n trofee. Daar word gebruik gemaak van alle byeenkomste om die wenners te bepaal.

# GHOLF BELEID:

1. DOELSTELLINGS VAN GHOLF:

   Die doelwit is om alle leerders wat belangstel in Gholf, seuns en dogters, die ervaring te gee om 'n unieke sportsoort te beoefen en te geniet. Asook te beleef in 'n gevorderde lang ouderdomsgroep tot in jou tagtigerjare. (Gary Player)

2. SAMESTELLING VAN SPANNE:
   - Daar word hoofsaaklik 3 soorte spanne gekies.
   - A – Senior Seunsspan – Gr. 6-7
   - B - Junior Seunsspan – Gr. 1-5
   - C – Dogtersspan

3. EREKODE OUERS / AFRIGTERS EN SPELERS:
   - Vir almal dieselfde – Leerders apart

4. OUDERDOMME:
   - In watter ouderdomme word daar deelgeneem

5. AFRIGTERS:
   - All spelers moet ten minste al by 'n gholfafrigter of klub gespeel het of op gereelde oefeninge by die skool geoefen het.
   - Oefeninge geskiet by die plaaslike gholfbaan – Heidelberg.

6. OEFENINGE/WEDSTRYDE:
   - Gholf seisoen gaan wissel vanaf Februarie/Maart/April en September/Oktober/November - dit is wanneer ons beplan om te speel.
   - Gholf wedstryde en -kompetisies is onderhewig aan die weerspatrone en beskikbaarheid van bane, asook liga- en uitspeel datums vir toernooie.
   - Spelers speel ten minste ± 10 bane in die verloop van die seisoen.
   - Op elke baan word slegs 9 gaatjies gespeel.
   - Spel op 'n I.P.S. sisteem.
   - Ons skool is deel van die Ekhuruleni Gholf liga waaraan daar 3 bene is nl.: Noordelike streek (Kempton); Middel streek (Boksburg) en Suidelike streek (Heidelberg).

- Elke jaar word daar geaffilieer by Ekhuruleni Gholfliga.
- Die Suidelike streek speel sy bane en dan word hulle genooi na die gholfdag van Ekhuruleni se uitspele.
- Dit kan op verskillende bane geskied.
- Daar speel al die streke teen mekaar oor 18 gaatjies en dan word 'n seuns en 'n dogterspan gekies wat dan Provinsiale kleure verwerf.
- Hierdie provinsiale span gaan dan in Desember 'n toernooi speel teen ander provinsies en van daar word hulle verder verkies.

- By wedstryde moet 'n mans asook 'n dames personeellid die gholfspelers vergesel. Mans personeel vir seuns en as daar dogter spelers is 'n vroulike personeellid.
- By die skool se 4-bal inskrywing word daar 'n kaptein aangewys.

7. SPORTDRAG:
   - Spelers moet hulle eie toerusting behartig en kan bemeester – Gholfstel en Gholfkarretjie.
   - Spelers trek gholfhempies en chino kortbroeke/rompies aan met 'n gholfkeppie.
   - Tekkies of gholfskoene moet gedrag word.

8. SKEIDSREGTERS:
   - Skeidsregters - Skool self.
   - Hulle beweeg agter die spelers op die baan en help waar nodig is en sien toe dat gholfetiek gevolg word.
   - By Provinsiale Ekhuruleni gholfdae beweeg 'n skeidsregter saam met 'n vierbal die dag.

9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:
   - Spelers ontvang voor elke wedstryd 'n toestemmingsbrief met al die inligting op vir die spesifieke wedstryd/kompetisie. Ouers moet die skeurstrokie voltooi en terugstuur skool toe.
   - By die speel van wedstryde moet leerders ook die baan fooie self betaal.

10. VERVOER VAN LEERDERS:
    - Vervoer na oefening in Heidelberg – Ouers laai leerders op en af by Heidelberg Gholfbaan.

- Vervoer word deur die skool voorsien en soms vervoer ouers die spelers na wedstryde.

11. MEDIESE ASPEKTE.
    - Mediese fonds – word afgevoer na Life Suikerbosrand.
    - Geen medies – word afgevoer na AG Visser hospitaal.
    - Bogenoemde - Indien ouers nie self kind kan vervoer nie.

12. OUER NAVRAE:
    - Hoe hanteer ons ouers se navrae? – Regte proses – Afrigter, organiseerder, Adjunkhoof dan eers Hoof – So spoedig moontlik.

13. EERSTE SPAN VOORREGTE:
    - Elke span besluit self

14. TOER EN AFRIGTINGSKLINIEKE:
    - Kommunikeer vroegtydig met ouers – Lê begroting voor vir ouers se goedkeuring – Op toere moet daar daagliks met ouers gekommunikeer word – tellings – foto's

15. HANTERING VAN BORGE:
    - Alle borge word aangemeld by Chrisna voor hulle borg – Hoe word borge gediens – Erkenning.

16. BEKRONINGSKRITERIA VIR GHOLF:
    - Sertifikaat: Vir deelname
    - Balkie: Leerders wat Eerste eindig in hulle liga.
    - Prestasie:
    - Erekleure: Leerders wat I.P.S. sisteem wen / Leerders wat Provinsiale kleure verwerf.
    - Beste speler – I.P.S. skool – Gholfspeler van die jaar – Beker/Trofee vir seuns en dogters

# HOKKIE BELEID:

1. **DOEL:**

Die visie van Laer Volkskool Heidelberg is dat leerders met ywer sal deelneem aan sport ten einde te verseker dat hulle die geleentheid het om nie net kognitief te ontwikkel nie, maar ook fisiek. Die beginsel van massa deelname word gebruik om leerders op hierdie pad van ontwikkeling te lei. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.

Die missie van Laer Volkskool is om te onderrig. Personeel om leerders aan te moedig om deel te neem aan sport, om leerders opbouend af te rig sodat hulle sal streef na uitnemendheid ook op sport gebied.

2. **SAMESTELLING VAN SPANNE:**

Hokkie word vir beide seuns en dogters in die derde kwartaal aangebied. Seuns spanne bestaan uit 'n eerste, tweede en onder 11 span wat ook aan die Liga deelneem. Dogters spanne 0/10 wat slegs vriendskaplike wedstryde deelneem en leer hoe om hokkie te geniet en reëls te leer toe te pas. Spanne wat aan liga deelneem is die eerste, tweede, 0/11A en 0/11B spanne. Leerders kan ook hier in spanverband aan ligas deelneem en proewe speel vir die D7 streek span. Daar word ook voorsiening gemaak vir mini-hokkie waar massa deelname deur leerders bevorder word. Daar word ook aandag gegee aan vaardighede en ontwikkeling. Beginsel van leerders wat wil speel sal geleentheid kry, sal geld.

3. **EREKODE/OUERS/AFRIGTERS EN SPELERS:**

Ons speel om te wen.
Nie vir glorie nie, maar vir die trots van die skool.
Met oorgawe, maar gedissiplineerd.
Vir die kameraadskap wat deur elke oefening en elke punt opgebou word.
Om elke wedstryd, hoe belangrik ookal, die beste geleentheid te maak.
Met ons oë gerig op die wenstreep & ons harte gerig op God.

4. **OUDERDOMME:**

5. **AFRIGTERS:**

Buite afrigters kan van tyd tot tyd deur die skool toestemming gegee word om te help met die afrigting van sport. Dit is egter 'n voorwaarde dat hierdie afrigters nie by die span sal

betrokke wees waar sy of haar eie kind betrokke is nie, met uitsondering van die mini-sporte waar ouers die meerderheid van die afrigters is.

5.1 Kleredrag:

Kleredrag van die leerders word bepaal en gereguleer deur die skool se klere komitee. Alle klere wat voorgestel of geborg word moet deur die klere komitee goedgekeur word. Die leerders sal dan hierdie klere met toestemming van die komitee dra op die tye wat gespesifiseer word.

**6. OEFENINGE:**

Leerders moet oefeninge bywoon om te kan deelneem aan die week se wedstryde.

**7. SKEIDSREGTERS:**

Skeidsregter word van buite af gekry om onderwysers te help blaas indien hul nie self gekwalifiseer is om self te blaas nie.

**8. KOMMUNIKASIE MET OUERS:**

**9. VERVOER VAN LEERDERS:**

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie.

**10. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:**

Daar word saam elke span 'n noodhulp tas gestuur. As wedstryde tuis gespeel word sal daar die nodige noodhulp wees.

- TUISWEDSTRYDE: Indien die leerder 'n mediese fondse het, word 'n beseerder afgevoer na Life Suikerbosrand.
- Indien die leerder nie 'n mediese fonds het nie, word die beseerde na AG Visser hospitaal geneem, indien ouers nie self kan help nie.

**11. OUER NAVRAE:**

**12. EERSTE SPAN VOORREGTE:**

**13. TOERE EN AFRIGTINGSKLINIEKE:**

## 14. HANTERING VAN BORGE:

## 15. ERKENNING AAN LEERDERS – BEKRONING:

| | |
|---|---|
| Sertifikaat: | Deelname aan wedstryde of liga's. |
| Balkie: | Deelname aan Semi-finaal / Dogters |
| Prestasie: | D7 kleure |
| | Semi-finaal wenners |
| Erekleure: | Oos-Gauteng span / Deelname nasionaal |
| | Liga wenners |

**Hokkiespeler van die jaar seun en dogter**: Is die seun en dogter wat die beste gevaar of hoogste vlak bereik het deur die jaar. Dit word bepaal deur die betrokke afrigters by die spanne.

# KRIEKET BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN KRIEKET:

Om interaksie tussen onderwysers en leerders buite die klaskamer te hê.

- Om 'n gebalanseerde leefstyl uit te leef.
- Talente te ontwikkel.
- Spier-, balans-, soepelheid te ontwikkel om sodoende te presteer in 'n item.
- Interaksie tussen maats op 'n gestruktureerde basis buite die klaskamer.
- Aanleer van stiptelikheid en deursettingsvermoë.
- Ons wil krieket ten alle tye geniet.
- Ons wil graag waardes, vermoëns en liefde vir krieket kweek.
- Krieket leer ons om met nederigheid te wen.
- Krieket is 'n spansport en leer kinders om saam te werk.
- Krieket bring mense bymekaar en gee vir leerders die geleentheid om deel te neem en om vaardighede te verbeter.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

Spelers vanaf 0/7 tot 0/8 mag deelneem aan mini-krieket wat met 'n sagte bal gespeel word.

- Spelers vanaf 0/9 tot 0/13 mag deelneem aan senior krieket, wat met 'n harde bal gespeel word.
- Indien 'n speler se talente hom instaat stel om vir 'n ouer jaargroep te speel, mag dit toegelaat word.

## 3. EREKODE VIR OUERS/AFRIGTERS EN SPELERS:

Dit is baie belangrik dat spelers en hulle ouers besef dat hulle Laer Volkskool verteenwoordig.

- By Volkskool behandel ons, ons opponente met hoflikheid en respek.
- Volkie leerders verwelkom besoekers en groet mense met vriendelikheid.
- Daar mag geen negatiewe opmerkings gemaak word tydens wedstryde nie.
- Vriendelike opmerkings en bemoedigende woorde word aangemoedig.
- Kleredrag is belangrik en moet Volkies altyd reg geklee wees.
- Ons verwag ten alle tye dat Volkies stiptelik en netjies sal wees.

- Ouers word nie op die veld toegelaat tydens wedstryde nie.
- Ons verwag ouers om seuns aan te moedig tydens wedstryde wat gespeel word.
- Krieket is 'n "Gentleman's game" en moet die reëls gevolg word.

## 4. OUDERDOMME:

Krieket met rooi sagtebal – 0/7 en 0/8 leerders speel slegs met 'n sagtebal mini-krieket in skoolverband. Hierdie leerders is onderskeidelik 7 en 8 jaar oud. Leerders wat in die jaar die onderskeidelik ouderdom word mag in die jaargroep speel.

0/7 – 6 en 7 jaar oud.

0/8 – 7 en 8 jaar oud.

Krieket met harde bal – Vanaf 0/9 – 0/13 krieket word slegs met harde bal gespeel. Hierdie leerders is onderskeidelik 9 tot 13 jaar oud in hulle afsonderlike spanne. Leerders wat in die jaar die onderskeidelik ouderdom word mag in die jaargroep speel.

0/9 – 8 en 9 jaar oud.

0/11 – 10 en 11 jaar oud.

0/13 – 12 en 13 jaar oud.

## 5. AFRIGTERS:

- Visie – Is om leerders die nodige vaardighede, vermoëns en waardes van krieket te leer wat leerders op die veld uitbeeld.
- Missie – Die missie is om die beste moontlike afrigting vir leerders te verskaf, sodat leerders ten alle tye hulle beste sal kan gee op die veld.
- Doelwit – Om vir leerders die liefde van krieket te leer en om dit in oefeninge en wedstrydsituasies te kweek.

### 5.1 Die rol van die afrigter:

- Afrigters is verantwoordelik vir oefeninge van hulle span.
- Elke week moet daar 'n veldwerksessie gedoen word saam met boulwerk en kolfwerksessies.
- Afrigters moet seker maak hulle is betyds vir oefeninge en wedstryde.
- Hulpverlening moet aan leerders verskaf word aan leerders wat sukkel.
- Afrigters is verantwoordelik vir bussies ry en om te dien as skeidsregter by hulle verkeie wedstryde.
- Afrigters moet seker maak dat 2 jaarlikse krieket-eksamen geskryf word en dat afrigters deel kan neem aan wedstryde as skeidsregters.

- Afrigters se verantwoordelikheid is om liefde by leerders te kweek vir die sport en om altyd hulle beste te gee.

**5.2 Afrigters van krieket by Laer Volkskool**:

- Stiaan van der Hyde
- Tiaan Viljoen
- Hanro Hendriksz
- Frikkie Le Grange
- Dawie Jordaan
- Lardus Badenhorst
- Cassie Vorster

## 6. OEFENINGE:

Oefeninge sal drie keer per week geskied. Maandae, Dinsdae en Donderdae word uitgesit om krieket te oefen. Oefening van krieket geskied by Laer Volkskool se net met die onderskeie spanne. Veldwerksessies kan op Laer Volkskool se velde geskied waar die res van die oefeninge by die nette sal plaasvind. Geen krieketoefening sal Woensdae of Vrydag plaasvind nie.

**Tye van oefening:**

Maandae – 14:00 – 16:00
Dinsdae – 14:00 – 16:00
Donderdae – 14:00 – 16:00

## 7. SKEIDSREGTERS:

Alle afrigters is verantwoordelik om as skeidsregter (umpire) tydens hulle wedstryde te dien. Skeidsregters (afrigters) moet 'n skeidsregterkursus voltooi om by wedstryde te kan staan as 'n skeidsregter.

**7.1 Die rol van 'n skeidsregter:**

- Ten alle tye moet skeidsregters regverdig wees.
- Krieket "in the spirit of the game" speel.
- Intree indien spanne of spelers verkeerde goed doen of sê teenoor ander spanne of spelers.
- Die reëls van krieket ken en eie oordeel gebruik waar nodig.

- Seker te maak die veld waarop gespeel word, is veilig vir spel.
- Seker maak die krieketblad is die regte lengte.

**8. KOMMUNIKASIE MET OUERS:**

Whatsapp groepe word gestig vir elke krieketspan. Elke krieketafrigter is verantwoordelik vir stigting van hulle span se eie krieketgroep waar alle kommunikasie na die ouers deurgegee kan word. Busbriewe word elke Maandag vir leerders vroegtydig gegee om die skeurstrokie in te vul en weer terug te stuur. Op die brief word die wedstryd informasie asook die plek, datum en tye deurgegee. Kommunikasie van gebeure vind ook op elke week se omsendbrief plaas waar daar sal staan wanneer oefeninge en wedstryde sou plaasvind op 'n weeklikse basis.

**9. VERVOER:**

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie. Bussie keer terug na elke wedstryd om leerders met vervoer te akkommodeer.

**10. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:**

Die afrigter (skeidsregter) is verantwoordelik vir die veld se veiligheid. Enige leerders wat 'n mediese kondisie het moet vooraf die afrigter daaroor in kennis stel.

**11. OUER NAVRAE:**

Ouer navra word individueel hanteer. Die beleid sê ons mag oproepe en vrae beantwoord tot 19:00 in die aand. Indien daar erge probleme of 'n krisis is, kan die krieketorganiseerder dit uitsorteer. Ouers kan navrae by die onderwyser (afrigter) doen waarvoor die kind speel.

**12. EERSTE SPAN ERKENNING:**

Om 'n skool se eerste span te verteenwoordig is 'n groot eer en harde werk daarom moet die eerste span van die skool meer erkenning kry. Hulle is die voorbeeld vir die volgende seuns wat vir die eerste krieketspan wil speel.

- Seuns mag op Vrydae hulle 1ste – span baadjies met hulle baggie dra.
- Die seuns ontvang 'n baggie hoed vir die krieket indien hulle 3 wedstryde of meer vir die eerste krieketspan gespeel het.

- Daar word 'n spesiale krieketwedstryd gereël waar die ouers en afrigters teen die eerste krieketspan span speel as afsluiting tot die krieketseisoen.

## 13. ERKENNING VIR KRIEKET:

Alle leerders wat reg deur die jaar aan oefeninge deelgeneem het, en wedstryde gespeel het sal 'n sertifikaat van deelname ontvang. Verdere erkenning is gebaseer op die volgende prestasie:

| | |
|---|---|
| • Balkie: | Deelname aan Sedibeng krieket Semi- finale |
| • Prestasietoekenning | Sedibeng span |
| | Wenners van Sedibeng Semi-finale |
| • Erekleure: | Deelname aan Gauteng krieketspan |
| | Liga wenners |
| Krieketspeler van die jaar: | Die speler wat die beste prestasie behaal het. |

# LANDLOOP BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN LANDLOOP:

Die visie van Laer Volkskool is dat leerders met ywer sal deelneem aan sport ten einde te verseker dat hulle die geleentheid het om nie net kognitief te ontwikkel nie, maar ook fisiek. Die beginsel van massadeelname word gebruik om leerders op hierdie pad van ontwikkeling te lei. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.

**Missie:**

Die missie van Laer Volkskool is om te onderrig. Personeel moedig leerders aan om deel te neem aan sport. Afrigting is opbouend en leerders streef na uitnemendheid ook op sportgebied.

**Doelwit:**

- Die ontwikkeling van talente.
- Om 'n gebalanseerde leefstyl te ontwikkel onder leerders.
- Bevordering van positiewe interaksie tussen leerders sowel as tussen leerders en onderwysers.
- Uitoefening van 'n positiewe gees en goeie sportsmanskap tussen leerders.
- Die bewusmaking en ontwikkeling van verantwoordelikheid. Leerders leer die verantwoordelikheid aan om gereeld en stiptelik by oefening uit te kom sowel as om betyds by byeenkomste op te daag.
- Ons skool ondersteun die distrik.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

Byeenkomste vind plaas op Vrydae. Leerders moet afrigters vroegtydig in kennis stel indien hulle nie aan byeenkomste kan deelneem nie. Aanvanklik is daar geen beperkte aantal atlete wat per skool mag deelneem nie.

Leerders moet aan ten minste aan 3 liga-byeenkomste deelneem om te kan kwalifiseer vir die D7-span. Indien leerders nie aan 3 liga-byeenkomste deelneem nie, sal hy/sy hulle plek in die D7-span verbeur, selfs al is sy prestasies beter as die van 'n ander leerder wat wel aan die vereistes voldoen het. Indien leerders deurdring na D7 is daar 'n R5 registrasiefooi betaalbaar. Gautengspan bestaan uit die eerste 6 atlete wat by D7 deurgedring het in die onderskeidelike ouderdomsgroepe.

Tydens byeenkomste mag geen ouer saam met atlete hardloop nie. Die betrokke atleet sal onmiddellik gediskwaliseer word. Ouers mag wel die roete vooraf saam met die atleet

stap.
Elke deelnemende atleet moet 'n plakker in 'n banksakkie op sy/haar persoon hê.

## 3. EREKODE VIR ATLETE/AFRIGTERS EN OUERS:

Atleet

- Nooit op te gee nie, my beste te lewer.
- Hardloop vir die trots van ons skool, gedrewe maar gedissiplineerd.
- Elke byeenkoms die beste geleentheid te maak.

Afrigters

- Wees betyds by oefeninge.
- Toepaslik geklee vir oefening en byeenkomste.
- Nooit oefeninge kanselleer sonder die hoof se toestemming.
- Op hoogte bly van die nuutste ontwikkelings en nuwe metodes van afrigting.
- Bemoedig goeie sportmanskap deur 'n voorbeeld te stel vir atlete tydens oefening en byeenkomste.

Ouers

- Nie in te meng met D7-komitee se spankeuses nie.
- Hou by die reëls wat vir landloop geld.
- Respek teenoor opponente toon.
- Bemoedig goeie sportmanskap deur 'n voorbeeld te stel vir atlete tydens oefening en byeenkomste.
- Binne gegewe tydsraam die atlete by oefeninge en byeenkomste afhaal.

## 4. OUDERDOMME:

Deelname: o/7 tot o/13
Gauteng deelname: o/9 tot o/13

## 5. AFRIGTERS:

Mev. Elmien Coetzee – Hoër Volkskool
Juffrouens Annatjie Griesel en Duhané du Plessis – Laer Volkskool

5.1 Pligte van die Landlooporganiseerder:

- Opstel van oefenroosters en programme
- Sportbegroting

- Reël van wedstryde-tuisbyeenkoms
- Noodhulp
- Opstel van lêer met atlete ens. se dokumentasie (Ouer kontak en mediese dokumenteasie)
- Affiliasiegelde: Met goedkeuring van die hoof word gelde oorbetaal. Bedrag word jaarliks vasgestel.
- PDP lisensie – aanbeveling.

**6. OEFENINGE/BYEENKOMSTE:**

- Die landloopseisoen is gedurende die derde kwartaal, maar oefen in die 2de kwartaal.
- Mev. Elmien Coetzee oefen regdeur die jaar. Laer Volkskool se atlete betaal geen fooie nie. Byeenkomste vind plaas op Vrydae.
- Prestige byeenkomstes vind plaas op Saterdae.
- Daar moet te alle tye twee personeellede teenwoordig wees tydens byeenkomste. Leerders moet afrigters vroegtydig in kennis stel indien hulle nie aan die byeenkoms kan deelneem nie.

6.1 **Liga deelname:**

Leerders moet aan ten minste 3 ligabyeenkomste deelneem om te kan kwalifiseer vir die D7-span. Indien leerders nie aan 3 liga-byeenkomstes deelneem nie, sal hy/sy hulle plek in die D7-span verbeur, selfs al is sy prestasies beter as die van 'n ander leerder wat wel aan die vereistes voldoen het.

Indien leerders deurdring na D7 is daar 'n R5 registrasiefooi betaalbaar.

Tydens byeenkomste mag geen ouer saam met atlete hardloop nie. Die betrokke atleet sal onmiddellik gediskwalifiseer word.

6.2 **Pligstate en byeenkomste:**

Pligstate word jaarliks aangepas. Indien daar tuisbyeenkomste is, sal daar van Laer Volkskool se personeel betrek word om as beamptes op te tree. Indien nie, is slegs die landloopafrigters/organseerders betrokke tydens byeenkomste.

**7. SPORTDRAG**

Seuns en dogters neem deel in atletiekdrag, wit kouse en tekkies.

**8. SKEIDSREGTERS:**

**9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:**

Vrywaringstrokies word aan leerders uitgegee en gepaardgaande inligting word in die omsendbrief deurgegee.

Kommunikasie groepe is geskep en alle inligting word deurgegee aan alle ouers.

Kommunikasie is ouer se verantwoordelikheid om by groepskakels aan te sluit.

**10. VERVOER**:

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na byeenkomste. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie. Hou ten alle tye register van atlete wat per bus/deur ouers vervoer word. Atlete moet binne die gegewe tydsraam by oefeninge en byeenkomste afgehaal word.

**11. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:**

Aan die begin van die landloopseisoen moet alle leerders, wat beoog om deel te neem, 'n vrywaringsvorm, mediesevorm en geboortesertifikaat inhandig.

**12. OUER NAVRAE:**

Oproepe word so professioneel as hanteer as moontlik. Sien ook punt 6.

**13. BEKRONING VIR LANDLOOP:**

- Sertifikate: Deelname of 1 of meer byeenkomste bygewoon
- Balkie: Liga-byeenkomste vir eerste 6 plekke en leerders kwalifiseer outomaties vir deelname aan D7-kampioenskappe.
- Prestasietoekenning: D7-span m.a.w deelname aan Gauteng
- Erekleure: Gauteng span kleure m.a.w deelname aan SA's
- Erepenning: Podiumplek op SA's (1-3)
- Trofee: Die atleet wat die beste prestasie/plek behaal het tydens 'n prestige byeenkoms. Indien daar atlete is wat bv. op D7-byeenkoms dieselfde plek behaal het, word die ligawedstryde in ag geneem. Atlete wat al die liga-byeenkomste gehardloop het en die beste plek behaal het, word in ag geneem.
- VOLKIE KNOPIEPUNTE:
  1 byeenkoms = 25 punte
  2 byeenkomste = 50 punte

3 byeenkomste = 75 punte
4 byeenkomste =100 punte

# NETBAL BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN NETBAL:

Doelstellings van netbal is om Volkie-leerders tot ‘n fisiese en emosioneel gebalanseerde netbalspeelster te vorm.
Om haar tot haar volle potensiaal te ontwikkel.
Om haar te dryf om sover haar vermoë strek, haar aan te moedig en te bemoedig.
Om 'n geleentheid te skep vir al die dogters vir maksimum deelname aan netbal en om ‘n liefde vir die sport te kweek.
Om hulle te help om hulle beste te lewer op en van die veld af.
Om hulle te motiveer om te groei in hulself en as ‘n span.
Ons glo dat hierdie kombinasie die ideaal vir prestasie is en strewe na uitnemendheid in ons skool.

In Volkieland streef ons na selfbeheersing, selfdissipline, stabiliteit, sportmangees, temperament, geduld en verdraagsaamheid.

Ons streef na die ontwikkeling van die kind as mens, daarom ontwikkel vaardighede soos samewerking, leierskap, goeie verhoudinge, aanvaarding, spanwerk, gehoorsaamheid en getrouheid.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

## 3. EREKODE/OUERS/AFRIGTERS EN SPELERS:

### 3.1 Erekode vir spelers:

Ken die reëls en speel volgens die reëls.
Moet nooit met 'n skeidsregter of beampte stry oor 'n beslissing nie. Vra die kaptein of die afrigter om op ‘n gepaste tydstip tydens of na die wedstryd met die skeidsregter te gesels.
Probeer ten alle tye jou humeur beteuel.
Kwetsende opmerkings teenoor 'n opponent of die skeidsregter is onaanvaarbaar en sal nie toegelaat word nie.
Handhaaf deurentyd goeie sportmanskap.
Gee jou volkome samewerking aan jou afrigter, jou kaptein en jou spanmaats.

Onthou dat dissipline ten opsigte van oefeninge en van wedstryde, geweldig belangrik is vir sukses en vir jou persoonlike ontwikkeling.

Onthou altyd dat deelname aan sport geniet moet word.

**3.2 Erekode vir afrigters:**

Ken die reëls en rig af daarvolgens, m.a.w. leer u spelers om deel te neem volgens die reëls van die spel.

Bly op hoogte met nuwe ontwikkeling en reëls van die spel.

Gereelde bywoning van reëlbesprekings en afrigtingsklinieke moet gedoen word.

Onthou dat spelers se deelname aan netbal eerstens ten doel het om geniet te word.

Moet nooit op 'n speler wat u afrig, skreeu of haar verneder nie.

Wees regverdig by die kies van spanne.

Ontwikkel by die spelers wat u afrig, die nodige respek vir die oordeel van skeidsregters.

Lê voordurend klem op goeie sportmangees en die aanleer van basiese en nuwe vaardighede om in die spel sukses te behaal.

**3.3 Erekode vir skeidsregters:**

Ken die netbalreëls waar u as skeidsregter optree so goed as moontlik.

Bly op hoogte van die jongste ontwikkeling en die nuutste reëls.

Skep geleenthede sodat u die teorie van die reëls en die praktiese situasie op die baan so na as moontlik aan mekaar kan bring.

Wees konsekwent en regverdig met u beslissings en probeer om altyd meer van netbal se dinamika te wete te kom.

Lê klem op goeie sportmanskap en op deelname binne die reëls van die spel.

Betoon ten alle tye self goeie sportmanskap.

Wees te alle tye betroubaar en betyds.

**3.4 Erekode vir ouers:**

Kinders moet aangemoedig word om aan sport deel te neem!

Onthou altyd dat u kind(ers) se deelname aan netbal eerstens ten doel het om die spel te geniet.

Fokus op u kind se toewyding en die kwaliteit van haar deelname eerder as op wen en verloor.

Leer u kind om die beslissing van skeidsregters te aanvaar en stel die voorbeeld.

Leer u kind om spanmaats en afrigters te respekteer. Moet nooit op u kind of 'n spanmaat skreeu of verneder nie.
Erken goeie spel deur alle spelers en goeie beslissings deur skeidsregters.
Moet nooit tydens 'n wedstryd met die beslissing van 'n skeidsregter inmeng nie.
Moet nooit die spankeuse van die afrigter voor u kind bevraagteken nie.
Toon waardering vir die opoffering van afrigters, eerder as om hul optrede te bevraagteken.

**4. OUDERDOMME:**

Dogters sal aan proewe deelneem en deel vorm van 'n span in hul eie ouderdomsgroep. Geen dogter mag vir 'n ouer of jonger ouderderdomsgroep gekies word om deel te vorm van 'n span of reserwes nie.

**5. AFRIGTERS:**

Die aanwys van afrigters vir die volgende seisoen is die taak van die skoolhoof en die netbalorganiseerder.
Afrigters se betrokkenheid, toewyding en pligsgetrouheid deur die seisoen sal in aanmerking geneem word tydens hierdie besluitneming.
Afrigters wat nie beskikbaar is vir die volgende seisoen nie, moet die hoof vroegtydig in kennis stel.

Aanstel en plasing van buite-afrigters sal in ooreenstemming plaasvind met die skoolhoof.

Die aanstel/plasing van buite -frigters moet met groot omsigtigheid  gedoen word, omdat enige ouer of familielid objektiwiteit verloor as sy kind of 'n bloedverwant betrokke is.

**6. OEFENINGE:**

Oefendae is normaalweg op Maandae, Dinsdae en Donderdae. Woensdae kan ook gebruik word, mits die leerders nie by ander kultuur aktiwiteite betrokke is nie.

Die gemiddelde oefentyd is 'n minimum van 1 - $1^1/_2$ uur per oefensessie. Tye sal vooraf aan leerders deurgegee word.

Oefentye sal deurgegee word soos bepaal deur die organiseerder, afrigters en die hoof. Oefentye sal later plaasvind omrede ons bane tot 'n minimum beperk is en ons ook voorsiening moet maak vir ons Mini-netbal om tot hul volle potensiaal te kan ontwikkel en oefen.

## 7. KLEREDRAG:

Dogters wat aan netbal deelneem verteenwoordig Laer Volkskool en daarom is dit belangrik dat dogters die korrekte kleredrag voor, tydens en na wedstryde dra.

Dogters se oefenklere moet gepas en gemaklik wees sodat hulle daarin kan hardloop en maklik kan beweeg.

Netbaldrag bestaan uit die Laer Volkskool sportrompie, hempie, groen "ski-pants" en wit/ Volkies netbal kouse en -tekkies wat met veters vasmaak.

Dogters se hare moet netjies vasgemaak wees en haarrekkies moet voldoen aan die skoolreëls.

Dogters mag onder geen omstandighede juwele, grimering, naellak of enige ander modegure dra voor of tydens oefeninge en/of wedstryde nie.

Eerste span baadjies mag op Vrydae en wedstryddae gedra word.

Afrigters en skeidsregters moet ten alle tye geklee wees op so 'n wyse dat dit ooreenstem met die kleredrag beleid van die skool.

## 8. SKEIDSREGTERS:

Skeidsregters moet jaarliks die reëls van die spel hersien en nagaan ten einde die beste beslissings te kan maak.

Skeidsregters moet gereeld gradeer word en daarna streef om te verbeter en die skool te bevorder.

Skeidsregters sal volgens graderings ingedeel word vir die skeidsregting van wedstryde.

Skeidsregters moet Provinsiale C en hoër graderings sal geplaas word by die skeidsregting van A spanne. Daarna sal die skeidsregters ingedeel word by B en C spanne vir skeidsregting.

Alle afrigters moet bereid wees om as skeidsregter op te tree. Indien dit nie moontlik is nie moet dit aan die begin van 'n seisoen aan die skoolhoof en organiseerder deurgegee word.

## 9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:

Kommunikasie aan ouers sal deur middel van briewe en boodskappe aan ouers deurgegee word. Alle kommunikasie wat deur afrigters uitgestuur word moet deur die organiseerder of skoolhoof goedgekeur word.

Kommunikasie tussen ouers en afrigters kan plaavind van 06:00 tot en met 18:00 gedurende die week.

## 10. VERVOER:

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie.

Spelers reis per bus/ saam met hul ouers en/of ander persone (met die goedkeuring van hul ouers) na wedstryde. Die afrigter moet op hoogte wees van watter spelers van privaatvervoer gebruik maak.

Geen speler mag saam met 'n ander speler in die motor ry sonder 'n lisensie of sonder dat ouers/afrigters daarvan kennis dra nie.

Op elke bus sal 'n onderwyser/afrigter op toesigdiens wees. Hierdie persoon is verantwoordelik vir al die spelers op die bus en moet toesien dat almal daar is en let op die gedrag en voorkoms van leerders.

Skeurstrokies moet asseblief so gou moontlik aan afrigters teruggestuur word en moet asseblief so volledig moontlik.

## 11. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:

Afrigters en skeidsregters tree ten alle tye in die beste belang van die leerders op. Dit sluit beserings en veiligheidsaspekte in.

Tydens wedstryde is daar ten alle tye opgeleide nooddienste tot leerders, ouers, afrigters en skeidsregters se beskikking.

Leerders se veiligheid is ononderhandelbaar en daarom sal leerders nooit sonder toesig gelaat word nie.

## 12. OUER NAVRAE:

Alle navrae rondom netbal kan aan die betrokke afrigters en/of aan die organiseerder deurgegee word.

Indien daar navrae of kwessies is wat nie deur die afrigters beantwoord kan word nie, kan dit aan die organiseerder en daarna die bestuur van die skool gerig word.

## 13. EERSTE SPAN VOORREGTE:

Die eerste span word deur middel van verskillende proewe met verskeie mense buite die skool sowel as die afrigters van die spanne gekies.

Slegs die eerste spanne mag borge vir klere/ baadjies/ hoedjies en sakke ontvang. Borge begin by Mev. Chrisna Meyer in die finansies kantoor.

Eerste spanne kry die geleentheid om te gaan toer om vaardighede/sportsmanskap en samewerking te bevorder.

## 14. ERKENNING VIR NETBAL:

Alle leerders wat reg deur die jaar aan oefeninge deelgeneem het en wedstryde gespeel het sal 'n sertifikaat van deelname ontvang.

Verdere erkenning is gebaseer op die volgende prestasie:

- Balkie: ?
- Prestasietoekenning: ?
- Erekleure: Deelname aan die Gauteng Liga wenners

Netbalspeler van die jaar: Die leerder wat die beste spanprestasie

# RUGBY BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN RUGBY:

Rugby is 'n Spansport wat jou leer van spangees, dissipline, reëls en sosialisering. Ons glo dat alle spansporte en dan spesifiek Rugby, 'n belangrike rol speel in die vorming van kinders. By die Volkies speel ons rugby omdat :

Ons die spel wil geniet.
Ons lief is vir rugby en ons ons vaardighede wil ontwikkel.
Ons die reëls van rugby wil leer.
Rugby karakter vorm.
Rugby vriendskappe sluit en bou.
Rugby selfvertroue bou.
Rugby spelers help om hul vermoëns leer ken.
Rugby spelers help om hulle liggame te leer ken en verstaan.
Rugby ons leer om met nederigheid te wen.
Rugby ons leer om terugslae suksesvol te hanteer.
Rugby ons leer van menseverhoudinge.
Rugby aan ons geleenthede bied.
Rugby mense laat uitstyg - in oorwinning en neerlae.
Rugby bring mense bymekaar.
Rugby ons selfbeheersing leer.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

Die speler moet in sy ouderdomsgroep speel ongeag sy graad. As hy bv. 9 jaar oud word in 2021 en hy is nog in graad 2, moet hy saam met die onder 9s speel wat spelers is in graad 3.

## 3. EREKODE/OUERS/AFRIGTERS EN SPELERS:

Dit is baie belangrik dat spelers besef dat hulle en hulle ouers Laer Volkskool verteenwoordig. Dit beteken dat hulle ten alle tye met waardigheid moet optree. In kort, ons moet altyd in goeie smaak en goed gemanierd optree, ter wille van wie ons is en waarvoor ons staan.

* By Volkies behandel ons ons opponente en besoekers met hoflikheid en respek, ongeag hoe hulle teenoor ons optree.

* Volkie spelers groet en verwelkom besoekende skole.
* Geen negatiewe opmerkings of vloekery word toegelaat nie.
* Vriendelike opmerkings, gesprekke en uitdrukkings van waardering word aangemoedig.
* Ons weet almal op die pawiljoene is opgewonde - ons moet net probeer onthou dat dit die seuns is wat speel, ons is net die toeskouers.
* Ons kleredrag is ook 'n getuienis van wie ons is, ons spelers moet ten alle tye korrek geklee wees.
* Ons verwag stiptelikheid van al ons seuns. Dit is geweldig afbrekend vir 'n span om te wonder waar spelers is wat saam met hulle op die veld moet draf. Bly asseblief by die afrigters se reëlings.
* Gedrag van die veld af is net so belangrik soos gedrag op die veld.
* Ons verwag van ouers en ondersteuners om die seuns aan te moedig op 'n gapaste wyse.
* Spelers en ouers moet ook waar hulle van (veral) skeidsregters verskil, dit op 'n waardige wyse doen. Niemand, ook nie ons, is altyd reg of foutloos nie. Daarmee kondoneer ons GEEN onbillike gedrag teenoor enige iemand nie, dis immers nie die gees van sportmanskap nie.
* Skeidsregters is mense en hul gaan foute maak – moenie terug verkeerd wees in jou oordeel nie.
* Ouers word nie toegelaat op die speelveld gedurende wedstryde nie.

Waar 'n ouer 'n probleem met die afrigtingspan het word daar verwag dat ons die probleem op 'n sinvolle manier sal hanteer tot voordeel van almal betrokke. Bespreek die probleem persoonlik met die afrigter of die Hoof sodat ons die beste uitkoms vir almal kan bewerk.

Om waarlik as 'n span suksesvol te wees moet die HELE SPAN (Afrigters, spelers en ondersteuners) saam staan.

**4. OUDERDOMME:**

O/9 A
0/9 B
O/10 A
0/10 B
O/11 A
0/11 B
3de Span

2de Span
1ste Span

**BULLETJIES:**
0/6
0/7
0/8

**5. AFRIGTERS:**

Alle manspersoneel van Laer Volkskool is betrokke by die afrigting van 'n rugbyspan. Die afrigters word ingedeel volgens die behoefde van die organiseerder en die hoof van die skool. Hulle word ingedeel aan die begin van die jaar wanneer daar 'n algemene vergadering gehou word.

Indien 'n buite afrigter (ouer van die skool of gemeenskap) betrokke wil word, mag hy nie die span afrig waar sy seun betrokke is nie. Die hoof van die skool het die finale besluit of die buite afrigter betrokke mag wees by die skool se afrigting of nie.
**Die bulletjie spanne** se afrigters word gekies deur ouers wat hulle self beskikbaar stel. Onder hierdie afrigters is daar 'n organiseerder wat hand aan hand met die bulletjie-rugbyorganiseerder werk vir reëlings aangaande oefeninge, briewe, wedstryde ens.
Ons doen ons bes om die heel beste beskikbare afrigters vir ons kinders te kry en hulle op te lei en te ondersteun om hulle liefde vir rugby aan ons kinders oor te dra. Al ons afrigters is Bok-Smart gekwalifiseer en ons poog om ons kinders effektief af te rig en ook te vorm vir die lewe.
Die Volkie afrigters is toegewyd om hul kennis van rugby aan elke rugbyspeler by die Volkies oor te dra, om elke speler se vaardighede, tegnieke te ontwikkel, om sinvolle en genotvolle afrigtingsessies aan te bied.
Ons afrigters dra die belange van elke speler op die hart en ons maak graag staat op ons ouers om die afrigters se integriteit, ondervinding en professionele benadering ten opsigte van hulle spanne te respekteer.
U seun speel rugby, nie u as ouer nie – Respekteer sy individualiteit, ontwikkeling, sy vermoë om in 'n span te speel, waar hy dit kan geniet, en waar hy voel hy maak 'n sinvolle bydra sonder om bloot gestel te word aan onnodige druk. Sodoende sal u seun 'n beter kans hê om net 'n kind te wees, sy rugby te geniet en sy eie potensiaal te ontwikkel. Hierdie geleentheid behoort aan u seun geleentheid te gee om ervaring op te doen waaruit hy vir

die res van sy lewe kan put.

## 6. OEFENINGE:

Wees betyds! – 15 minute voor die aanvang van die oefening.
Reël dokter en tandarts afsprake sover moontlik buite bogenoemde tye.
Rugby is 'n spansport – Jou span kan nie sonder jou oefen nie – JY is belangrik vir die span! Jou spanmaats maak staat op jou teenwoordigheid.
Oefendrag – Kort broek en rugbytrui met 'n sweetpak om onmiddellik na die oefening aangetrek te word (siek spelers is nie tot voordeel van die span nie).

Die geskeduleerde oefening gaan voort ongeag die weersomstandighede. Indien 'n oefening gekanselleer moet word, sal die besluit geneem word by die veld en deur die afrigter of op een van ons ander erkende kommunikasie kanale.

## 7. KLEREDRAG:

Seuns moet reg aangetrek wees vir 'n oefening. Indien spelers nie oefeninge kan bywoon nie, word daar van hulle verwag om by die afrigter persoonlik verskoning te maak. As ons jou nie kan vertrou om te oefen nie, kan ons jou nie vertrou om vir die span swaar te kry nie. Spelers wat nie oefen nie, sal nie vir wedstryde in aanmerking kom nie.

## 8. SKEIDSREGTERS:

Die bes gekwalifiseerde skeidsregter tussen die twee skole hanteer die 0/13 A wedstryd solank hy nie die afrigter is nie. Daarna word die skeidsregters geplaas in die volgende volgorde. 0/11, 0/10, 0/9 en 2de span. Elke twee jaar word ons skeidsregters gradeer en elke jaar moet ons skeidsregters 'n reëleksamen skryf en 'n reëlbespreking bywoon. Laer Volkskool het op die oomblik vier skeidsregters wat wedstryde hanteer.

## 9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:

Daar word op die volgende maniere met ouers gekommunikeer:

- Whatsapp groepe
- Omsendbriewe
- Kwartaalprogram

**10. VERVOER:**

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie. Geen leerder kan met 'n bus vervoer word indien daar nie 'n skeurstrokie ingehandig word waarop 'n ouer toestemming gee dat hulle met 'n bus vervoer mag word nie. Ouers sal per whatsapp ingelig word as die busse op pad terug is Heidelberg toe sodat ouers betyds hul seuns kan oplaai.

**11. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:**

Veiligheid is ons eerste proariteit en daarom is dit van uiterse belang dat elke speler 'n mediese vorm moet voltooi aan die begin van die seisoen en by hul betrokke afrigter inhandig sodat die afrigter ingelig is van enige mediese toestand en ook in 'n tyd van nood weet wie om te skakel en watter mediese paadjie om te volg. Tydens elke wedstryd is daar gekwalifiseerde noodhulp beamptes wat opgelei is om elke speler se behoefte op die hart te dra indien daar 'n besering is.

**12. OUER NAVRAE:**

Ons het 'n "oop-deur-beleid" by Laer Volkskool waar ouers hul seun se afrigter mag vra indien hulle onseker is oor enige iets en navrae het. Geen afrigter sal u wegwys nie. Indien 'n vraag nie deur 'n afrigter beantwoord kan word nie kan die organiseerder en skoolbestuur betrek word om ouer navrae te hanteer.

**13. EERSTE SPAN ERKENNING:**

Om 'n skool se eerste span te teenwoordig is 'n eer en harde werk daarom moet die eerste span van 'n skool meer erkenning kry as die res van die skool se rugbyspanne. Hulle is die vlagskip van ons rugby. Die eerste span ontvang erkenning op die volgende maniere:

- Die seuns mag op Vrydag 'n spesiale pet dra wat hulle ontvang wanneer hulle drie of meer liga wedstryde speel.
- Die seuns mag op Vrydag hulle 1ste- span baadjies dra.
- Die seuns se naam word in 'n boek opgeteken indien hulle drie of meer wedstryde vir Laer Volkskool se eerste span speel.
- Daar word vir die seuns 'n spesiale prysuitdeling gehou aan die einde van die seisoen wat gereël word deur hul afrigters.

## 14. TOER EN AFRIGTINGSKLINIEKE:

## 15. HANTERING VAN BORGE:

'n Borg vir 'n rugbyspan is 'n groot bederf en ons as skool is altyd baie dankbaar en bevoorreg dat ons ouers se harte en gesindheid so positief is teenoor ons. Dit is juis oor die kwessie dat ons riglyne aan u moet stel oor watter span watter tipe borg mag ontvang. Ons eerste span is ons vlagskip en 'n seun moet werk vir daardie eerste span "voorreg".

**0/9s**

- Opwarmingshemp/de
- Waterbottels
- Broeke (swart)
- Hoedjie
- Tokssakke

**0/10s**

- Opwarmingshemp/de
- Waterbottels
- Rugsakke
- Broeke (swart)
- Hoedjie
- Tokssakke

**0/11s**

- Opwarmingshemp/de
- Waterbottels
- Rugsakke
- Broeke (swart)
- Hoedjie
- Tokssakke

**2des/3des**

- Opwarmingshem/de
- Waterbottels
- Rugsakke
- Broeke (swart)
- Hoedjie (gewone pet)
- Tokssakke

**1stes**

- Opwarmingshem/de
- Waterbottels
- Rugsakke
- **Wedstrydbroeke (wit)**
- **Hoedjie(spesiale een)**
- **Baadjies**
- Tokssakke
- **Spesiale toertrui**

## 16. BEKRONINGSKRITERIA VIR RUGBY:

Alle leerders wat reg deur die jaar aan oefeninge deelgeneem het, en wedstryde gespeel het sal 'n sertifikaat van deelname ontvang. Verdere erkenning is gebasseer op die volgende prestasie

| | |
|---|---|
| • Balkie: | Deelname aan Valke Sedibeng Semi- finale |
| • Prestasietoekenning | Valke XV tal asook 0/12 Valke<br>Wenners Valke semi finale |
| • Erekleure: | Deelname aan die Cravenweek<br>Liga wenners |
| • Rugbyspeler van die jaar | Die leerder wat die verste gevorder het in proewe in Valke-skolespanne. |

# SKAAK BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN SKAAK:

Om 'n gebalanseerde buitemuurse program daar te stel sodat opvoeding ook buite die klaskamermure kan plaasvind ten einde 'n liggaamlike-en emosionele gebalanseerde kind te vorm.

Skaak bevorder konsentrasie en laat leerders gebruik maak van hul denk vermoë. Dit is ook ontspannend en genotvol. Om te wen is nie alles, maar dit bly tog lekker om te wen. 'n Wenkultuur moet geskep word maar nie ten koste van beginsels en waardes nie.

Om die liefde vir skaak by die leerders aan te wakker. Skaak word as 'n sport geklassifiseer. Dit korreleer met Wiskunde. Strategiese denke word gestimuleer asook die sistematiese verwerking van stress.

## 2. SAMESTELLING VAN SKAAKSPANNE:

A-spanne word op meriete gekies. B-D spanne roteer om sodoende alle leerders 'n kans te gee om wedstryd-ondervinding op te doen.

Daar is vier spanne wat deelneem by die liga toernooi:

0/9 span, 0/11 span en 'n 0/13 span

Daar word ook verwag van skole om 'n dogterspan in te skryf om so skaak onder ons dogters te bevorder.

## 3. GEDRAG EN GEDRAGSKODE:

Alle leerlinge moet in volle skooldrag / sportdrag aan kompetisie / sportdrag deel neem.

Elke leerling moet ten alle tye gedurende 'n kompetisie / toernooi netjies geklee wees en aan die skoolreëls voldoen wat hare, naels, juwele en skooldrag betref.

Leerlinge moet ten alle tye respek toon, hoflik optree en 'n onderwyser of spanbestuurder se hulp ontbied indien daar 'n probleem sou ontstaan.

Daar moet ten alle tye 'n volwasse persoon wees wat leerlinge vergesel by 'n skaakkompetisie.

Leerlinge moet hul afrigter vroegtydig in kennis stel indien hulle nie 'n toernooi kan bywoon nie, sodat daar vroegtydig alternatiewe reëlings getref kan word.

Afrigters moet ook die leerlinge vroegtydig in kennis stel van kompetisies wat plaasvind.

## 4. OUDERDOMME:

Skaakoefening is vir Gr. 3 tot Gr. 7 leerders.

Gr. 3's is in die o/9 span.
Gr. 4's en Gr. 5's is in die o/11 span.
Gr. 6'e en Gr. 7's is in die o/13 span.

**5. AFRIGTERS:**

Daar word gebruik gemaak van professionele hulp, wat van tyd tot tyd leerlinge kom help. Die kostes word deur die ouers gedra. Ouers mag help met die afrigting van spanne, maar geensins voorkeur gegee aan sy/haar eie kind/ers nie. Skaak word in die Grondslag-, Intermediëre – en Senior Fase aangebied. Oefendae is op Woensdae vir almal. Wedstryde vind op Saterdae plaas.

**5.1 PLIGTE VAN SKAAK ORGANISEERDER:**

- Oefenroosters
- Sportbegroting
- Sportvoorraad aankope
- In beheer van apparaat
- Wedstrydbepalings
- Reël van wedstryde
- Skeidsregters
- Arbiters
- Noodhulp

**6. OEFENINGE:**

Skaak word van die in die eerste kwartaal tot aan die einde van die tweede kwartaal vir seuns en dogters aangebied. Leerders neem deel aan 'n liga soos ondersteun deur "SEDIBENG CHESS". Skaak word op Woensdagmiddae geoefen. Enige leerder wat belangstel is welkom om te kom deelneem. Daar is geen koste verbonde om by die skool te oefen nie.

**7. KLEREDRAG:**

**7.1 TOERUSTING:**

Alle toerusting word deur die skool verskaf. Geen toerusting mag van die perseel verwyder word sonder die nodige toestemming nie. Leerders wat dit verkies, mag hul eie toerusting bring en gebruik.

## 8. SKEIDSREGTERS:

Gedurende normale Woensdae middae skaak oefening tree die afrigters op as skeidsregters wanneer daar 'n beslissing gemaak moet word.

Gedurende D7 Liga toernooie asook Gauteng skole toernooie word daar van arbiters gebruik gemaak as skeidsregters.

## 9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:

Kommunikasie met ouers vind plaas deur middel van die omsendbrief of skaakbriewe op die skool se amptelike briefhoof. Skeurstrokies word gehou vir bewys van kommunikasie.

### 9.1 VRYWARINGSVORM:

Aan die begin van die skaakseisoen moet alle leerders wat beoog om aan skaaktoernooie deel te neem 'n vrywaringsvorm deur sy of haar ouer / voog laat invul.

## 10. VERVOER:

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie.

## 11. MEDIESE ASPEKTE:

## 12. OUER NAVRAE:

## 13. EERSTE SPAN VOORREGTE:

## 14. TOERNOOIE EN WEDSTRYDE:

**Skoolverband:**

Spelers moet soveel as moontlik blootstelling kry. Ons neem dus deel aan die D7 Liga, en wedstryde vind in die tweede en die derde kwartale plaas. Indien plek behaal word in hierdie liga kan die leerders deurdring tot die Gauteng Kampioenskappe wat elke jaar in Pretoria plaasvind.

Vriendskaplike toernooie word ook gereël met naby geleë skole.

**Buite skool verband**:
Leerders word ook aangemoedig om by die dorp se skaakklub betrokke te raak. Byeenkomste is een keer per maand.
Daar is ook gereeld geakkrediteerde skaaktoernooie vir leerders om deel te neem. Deur hierdie deelname word hulle in ag geneem vir die die Sedibeng distrik skaak span wat aan die einde van elke jaar aan die SA Kampioenskappe deelneem. Leerders word aangemoedig om ten minste 5 geakkrediteerde skaaktoernooie by te woon deur die jaar.

## 15. HANTERING VAN BORGE:

## 16. BEKRONINGSKRITERIA:

**Getroue bywoning van skaakoefening** **Sertifikaat van deelname**

A. SKOOLVERBAND:

**Individuele Kampioenskap**

| | | |
|---|---|---|
| D7 | Deelname | Balkie |
| | Wenners | Prestasie |
| Gauteng | Deelname | Prestasie |
| | Wenners | Erekleure |

**D7 Liga**

| | | |
|---|---|---|
| D7 | Deelname | Balkie |
| | Wenners | Prestasie |
| Gauteng | Deelname | Prestasie |
| | Wenners | Erekleure |

B. BUITE SKOOLVERBAND

| | | |
|---|---|---|
| Sedibengspan | Deelname | Balkie |
| SA's | Deelname | Prestasie |
| | 1,2,3e plek | Erepenning / Erekleure |

C. SKAAK TROFEE

Beste Jnr Speler van die jaar

Beste Snr Speler van die jaar

# SWEM BELEID:

## 1. DOELSTELLINGS VAN SWEM:

Die doel van hierdie beleid is om die nodige riglyne daar te stel wat gevolg moet word met die aanbieding van swem as sportaktiwiteit by Laer Volkskool Heidelberg .

- Om die sport swem te bevorder sodat dit vir elke swemmer 'n genotvolle, sowel as 'n sosiale sportsoort sal wees.
- Om as lid van 'n span, die etiek sowel as die vaardighede van swem by swemmers ontwikkel.
- Nie om die wenmotief oor te beklemtoon nie, maar om die belangrikheid van sportmangees, onselfsugtigheid, trots op prestasie, beheer van humeur en die vermoë om met grasie te wen of verloor, 'n lewenswyse by swemmers te maak.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

Leerders gee hul name by die  op waarvolgens 'n lys van swem uitdunne opgestel word. Leerders moet dan deelneem aan huisgala om verkies te word vir swemspan.

Swem word deurlopend deur die jaar afgerig deur privaat afrigters in Heidelberg.

Leerders wat verkies word tot die swemspan moet gewillig wees om aan 3 van die 4 weeklikse galas deel te neem asook die Interskole Gala. Indien 'n leerder skielik onttrek, word daardie span benadeel en sal nie kan deelneem nie aangesien daar 4 swemmers per ouderdom moet wees.

## 3. EREKODE/OUERS/AFRIGTERS EN SPELERS:

Volkie waardes word uitgeleef by alle galas.

## 4. OUDERDOMME:

0/9 – 0/13 leerders van Laer Volkskool. Indien daar te min 0/9 swemmers is, mag 0/8 leerders in ag geneem word.

## 5. KLEREDRAG:

Daar is swem kappies te koop by Volkie Vere. Die leerders moet sover moontlik in oorwegende swart swemklere deelneem met die skool se geel swemkappie. Leerders trek Volkiedrag aan bo-oor swemdrag.

## 6. OEFENINGE:

Leerders gee hul name by die swem organiseerder op waarvolgens 'n lys van swem uitdunne opgestel word. Leerders moet dan deelneem aan huisgala om verkies te word vir swemspan.

Swem word deurlopend deur die jaar afgerig deur privaat afrigters in Heidelberg.

Leerders wat verkies word tot die swemspan moet gewillig wees om aan 3 van die 4 weeklikse galas deel te neem asook die Interskole Gala. Indien 'n leerder skielik onttrek, word daardie span benadeel en sal nie kan deelneem nie aangesien daar 4 swemmers per ouderdom moet wees.

## 7. GALAS:

Huis gala:

Die huisgala word in Januarie/Februarie gereël om te bepaal wie in die swemspan opgeneem word. Leerders neem in ouderdom groep deel in Borsslag, Vryslag, Rugslag en Vlinderslag. Die swemseisoen word verdeel in Januarie, Februarie, Maart en Oktober en November gehou.

Weeklikse gala:.

Die weeklikse galas vind plaas by skole. Laer Volkskool moet aan 3 van 4 weeklikse galas deelneem om te kwalifiseer vir Interskole gala. Daar is 'n minimum van 4 leerders per ouderdomsgroep 0/9, 0/10, 0/11, 0/12, 0/13. Indien daar nie genoeg leerders is per item per ouderdom nie, word slegs daardie ouderdom item onttrek.

Interskole gala:

Daar is 2 Interskole galas in die swemseisoen. Die eerste Interskole gala is in Maart. Die tweede Interskole gala vind plaas in November. Laer Volkskool moet aan 3 van 4 weeklikse galas deelneem om te kwalifiseer vir Interskole gala.

**8. SKEIDSREGTERS:**

Een personeellid moet 'n tydhou kursus bywoon wat deur EGA aangebied word. Daar is by die weeklikse galas ten minste 3 volwassenes nodig om te help met span organisasie. Tans word ouers gebruik om die organiseerder te help.

**9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:**

Daar word 'n swembrief uitgegee in Januarie waarin die Interhuis swemgala bespreek word. Sodra daar spanne gekies is, word 'n groep gestig waarop die weeklikse reëlings deurgegee word. 'n Skeurstrokie word op Maandae gegee en moet Dinsdag terug wees om die span te finaliseer.

**10. VERVOER:**

Die skool bly verantwoordelik vir vervoer van leerders na wedstryde. Indien spelers saam hul ouers ry of terugkeer moet dit aangetoon word op die nodige antwoordstrokie.

**11. MEDIESE ASPEKTE EN VEILIGHEID:**

Die skool waar die gala plaasvind het 'n lewensredder en noodhulp kissie.

**12. OUER NAVRAE:**

Die navrae word hanteer deur die organiseerder. Indien dit nodig is, word die hoof betrek.

**13. EERSTE SPAN ERKENNING:**

Geen

**14. TOER EN AFRIGTINGSKLINIEKE:**

**15. BEKRONING:**

Alle leerders wat reg deur die jaar aan oefeninge deelgeneem het, en wedstryde gespeel het sal 'n sertifikaat van deelname ontvang.

- Wit Balkie: Naaswenners van liga 2de/3de plek
- Geel Balke: Wenners van liga
- Erekleure: Suid-Gauteng span maw deelname aan SA skole
- Erepenning: Podiumplek op SA's (1,2,3de plek)
- Trofee: Die seun/dogter wat die beste prestasie behaal het

# TENNIS BELEID:

## 1. DOEL:

Die doel van hierdie TENNIS beleid is om die nodige riglyne daar te stel wat gevolg moet word met die aanbieding van tennis as sportaktiwiteit by Laer Volkskool:

- Om die spel tennis te bevorder sodat dit vir elke speler 'n genotvolle, sowel as 'n sosiale sportsoort sal wees.
- Om as lid van 'n span, die etiek sowel as die vaardighede van die spel by spelers tuis te bring.
- Nie om die wenmotief oor te beklemtoon nie, maar om die belangrikheid van sportmangees, onselfsugtigheid, trots op prestasie, beheer van humeur en die vermoë om met grasie te wen of verloor, 'n lewenswyse by spelers te maak.

## 2. SAMESTELLING VAN SPANNE:

- Leerders gee hul name reeds die 3de kwartaal by die tennisorganiseerder op waarvolgens 'n lys van uitspeelwedstryde opgestel word. Leerders moet kan telling hou en korrek kan afslaan.
- Uitspeelwedstryde gaan op Woensdae oggende gespeel word by die dorp se bane. ( 06:30 - 07:30 )
- Uitspeelwedstryde sal nie inmeng gedurende die hokkie seisoen nie.
- Uitspeelwedstryde vind op 'n rondomtalie-basis plaas.
- Die 6 spelers met die hoogste puntetotaal, is die 6 spelers wat in die A-span opgeneem word. **Die Oop-A en B span kan spelers van enige ouderdom wees. Die spelers word gekies volgens hul puntetotaal. Die Oop A span is nie 'n geslote 0/13 span nie.** Die tennisoragniseerder het steeds die finale beslissing ten opsigte van die bepaling van spanposisies. Daar word ook Oop B spanne en 0/11 spanne gekies. **0/9 - 0/11 spelers kan aan die 0/11 proewe deelneem om in die opeenvolgende jaar se 0/11 span te speel.** Tennis word deurlopend deur die jaar afgerig deur privaat afrigters op die skool se tennisbane, sowel as op ander plekke. Die amptelike tennisseisoen vind plaas gedurende die 4de kwartaal. Wanneer die amptelike liga begin vind daar nie meer daagwedtryde plaas nie.

## 3. EREKODE VIR OUERS/ AFRIGTERS EN SPELERS:

### 3.1 GEDRAG OP DIE BAAN:

TSA reëls geld

- Omdat die meeste wedstryde op hierdie vlak sonder skeidsregters gespeel word, is goeie sportmanskap van die uiterste belang.
- Spelers sal 'n positiewe gesindheid gedurende hulle wedstryde handhaaf.
- Rakette sal nie op die grond neergegooi of gekap word nie.
- 'n Speler sal nie met die skeidsregter of met sy opponent argumenteer nie. Daar mag egter 'n beleefde versoek wees vir die verduideliking van enige punt waarmee hy/sy nie saamstem nie.
- Spelers sal nie aanhou speel indien hulle 'n bal geslaan het wat dubbel gebons het nie.
- Spelers sal nie kougom kou op die baan nie.
- Spelers skud hande met hulle opponente na afloop van die wedstryd.

### 3.2 GEDRAG AF VAN DIE BAAN:

- Stiptelikheid sal te alle tye nagekom word. Dit behels tuiswedstryde, oefeninge, asook betyds by die bussie indien wedstryde op 'n ander plek gespeel word._Onthou ook om die bestuurder van die voertuig te bedank.
- Indien 'n speler nie besig is om te speel nie, sal hy /sy hulle spanmaats se wedstryde ondersteun.
- Geen spelers gaan huistoe voor al die wedstryde nie klaar gespeel is nie. Tensy daar verskoning gemaak word by die oraniseerder.
- Tydens tuiswedstryde sal die kaptein die besoekende spanne verwelkom en aan hulle die fasiliteite bekend stel.
- Na wedstryde wat tuis gespeel word, sal elke speler sy opponent nooi vir koeldrank en verversings.
- Na enige wedstryd moet spelers die onderwyser en spelers van die ander skool bedank.

**3.3 OORTREDINGS WAT STRAFBAAR IS:**

Die volgende oortredings is strafbaar en 'n gepaste straf kan deur die organiseerder gegee word :

TSA reels en definisies geld

- Onwelvoeglike taal
- Afrigting van ouers/afrigters gedurende spel. Dit is egter aanvaarbaar om spanmaats na afloop van punte aan te moedig.
- Onwelvoeglike gebare.
- Skending van balle of rakette.
- Onsportiewe gedrag.
- Ongemagtigde verlaat van bane.

**3.3 TUGMAATREËLS - TSA REËLS:**

- Na die eerste oortreding ontvang die speler 'n waarskuwing.
- Tweede oortreding - Staan die punt af
- Derde oortreding - Verloor die wedstryd
- Indien die oortreding en gedrag van 'n speler gedurende een of meer wedstryde van so 'n aard was dat die beeld van die skool skade gely het, kan die organiseerder 'n speler vir volgende wedstryde skors of punte ontneem wat die speler laer op die ranglys sal plaas.

**4. OUDERDOMME:**

**4.1 AANTAL SPANNE WAT VIR DIE LIGA INGESKRYF WORD:**

Word bepaal deur die hoeveelheid spelers beskikbaar.

**4.2 Bepaling van posisies op die ranglys**

Die doel van die ranglys is om die spelers op hoogte te hou van hulle posisie op die ranglys. Die ranglys is onveranderlik nadat uitspeel- en daagwedtryde plaasgevind het.

**5 AFRIGTERS:**

**5.1 DIE TAKE VAN DIE TENNISORGANISEERDER:**

- Bywoning van tennisvergaderings.
- Opstel van uitspeelwedstryde(proewe). Hanteer ook alle navrae rakende uitspeelwedstryde.

- Moet tydens die finale uitspeelwedstryde teenwoordig wees asook tydens die uitspeel van spanposisies.
- Reël vir die betaal van affiliasiegelde, die aankoop van balle en verversings vir spelers.
- Bevestig tuiswedstryde een week vooraf.
- Moet tydens die finale uitspeelwedstryde teenwoordig wees, asook tydens die uitspeel vir spanposisies teenwoordig wees.
- Reël tellinghouers: betrokke personeel.
- Reël met die betrokke verversingspersoneellid vir die voorsiening van verversings vir tuiswedstryde.
- Sorg dat tennisballe en uitslagkaarte vir tuiswedstryde by die organiseerder afgehaal word.
- Verantwoordelik om algemene spangees en goeie gesindheid te handhaaf.

### 5.1 **Begroting**

- Aankoop van verversings vir afrigters en spelers tydens tuiswedstryde.
- Aankoop van tennisballe vir wedstryde.
- Herstelwerk aan nette

## 5 OEFENING:

Spelers ontvang privaatafrigting gedurende die week by professionele afrigters.

## 6.1 WEDSTRYDE:

- Aan die einde van die 3de kwartaal word wedstrydbepalings beskikbaar gestel aan al die skole wat aan die liga wedstryde deelneem.
- Daar is 'n Oop A en B liga, asook 'n 0/11 liga. Skole reël self onderling met mekaar waar die wedstryde sal plaasvind en hoeveel spanne beskikbaar is. Spelers moet bewus wees dat daar Golf in die 4de kwartaal is. Daar sal verwag word dat spelers alle wedstryde sal speel, indien datums nie oorvleuel nie. Indien 'n speler nie kan speel nie sal daar verwag word om 'n mediese sertifikaat in te dien by die tennisorganiseerder.

### 6.1.1 Uitspeelwedstryde(Proewe)

Wedstryde wat op 'n rondomtalie-basis gespeel word om spanne saam te stel en spanposisies te bepaal.

**6.1.2 Tuiswedstryde**

Wedstryde waar Laerskool Volkskool die gasheerskool is.

**6.1.3 Uitslagkaarte**

Tellingkaarte waarop die uitslag van 'n wedstryd aangedui word.

**6.1.4 Daagwedstryde**

Wedstryde waar spelers mekaar daag om te probeer om hulle posisies op die ranglys te verbeter.

**6.1.4.1 Daagreëls**

- Die ranglys werk volgens die piramide-stelsel.
- Dit beteken dat 'n speler enige speler bokant sy/haar naam mag daag. Indien die dager verloor, bly die dager op sy nommer in die ranglys tensy hy/sy verloor deur 'n mede speler wat hom/haar gedaag het. Die eerste 6 spelers mag net die een bokant hul daag.
- Indien daar veranderinge plaasvind, sal die ranglys daarvolgens aangepas word.
- Daagwedstryde moet deur die dager by die organiseerder geregistreer word. Die organiseerder sal teenwoordig wees by die speel van 'n daagwedstryd.

**7. KLERDRAG:**

Daar is tennishemde aangekoop vir die tennis spanne. Elke leerder ontvang 'n hemp waarmee hul die seisoen speel. Aan die einde van die seisoen word die hemp terug, in 'n goeie toestand besorg aan die tennisorganiseerder.

8. SKEIDSREGTERS:

**9. KOMMUNIKASIE MET OUERS:**

**10. VERVOER VAN SPELERS:**

- Tuiswedstryde - spelers sorg self.
- Tydens wedstryde by ander skole sal daar deur skool vervoer gereël word indien spelers dit benodig.

**11. MEDIESE ASPEKTE:**

**12. OUER NAVRAE:**

**13. EERSTE SPAN VOORREGTE:**

**14. TOERE EN AFRIGTINGSKLINIEKE:**

**15. HANTERING VAN BORGE**

**16. BEKRONINGSKRITERIA VIR TENNIS:**

- Sertifikaat: Deelname
- Balkie: A of B span liga wenners
- Prestasie: Wenners van Enkel /Dubbels (Suikerbosrandse Laerskole kampioenskappe)
- Erekleure: Oos-Gauteng deelname aan toernooi (Podium plek)